# Nehemia 6:16

## Uitleg van Nehemia 6:16 op grond van die Skrif-met-Skrif-verklaring en kritiek op die 1992- en 2020-vertaling op grond van hierdie beginsel

**AH Bogaards**

**6 Oktober 2022**

## 1. Verskil tussen die 1953-vertaling enersyds en die 1992- en 2020-vertaling andersyds

Wie Nehemia 6:16 in die 1953-vertaling met aandag lees en dit dan vergelyk met die 1992- en 2020-vertaling, sal dadelik ’n verskil agterkom:

- in die 1953-vertaling kom nét God ter sprake. Om dit duidelik uit te lig, parafraseer ek die 1953-vertaling ’n bietjie: **dat hierdie werk** (aan die muur) **deur onse God gedoen is**. Die volle fokus is op God alleen;
- in die 1992- en 2020-vertaling kom die ons, die mens met die hulp van God ook ter sprake: **ons** doen hierdie werk **met die hulp van** ons God (1992) en **hierdie werk** (is) **met God se bystand (gedoen).** In hierdie twee vertalings is dit nie meer God alleen nie; die fokus is nie meer net op God se werk nie, maar die mens kom ook ter sprake.

Wie is nou reg: die 1953-vertaling of die ander twee vertalings?

Net die Skrif kan ons hierop die antwoord gee. Ons moet Skrif met Skrif verklaar, dit wil sê: ons sal ons deur die Here alleen moet laat lei; sy Woord is die Goddelike, volmaakte Kommentaar op die Woord. Wie nie hierdie Skrifverklaring volg nie, sal nie by ’n goeie vertaling uitkom nie.

In punt 2 gaan ek Skrif-met-Skrif-verklaring doen.

## 2. Woordbetekenis *deur (Hebreeus = me’et)*

Die Hebreeuse woord ***me’et*** (Afrikaans =deur) word nét 5x gebruik in die Ou Testament.

Die betekenis van ***me'et*** as Skrif-met-Skrif vergelyk word = dui bron, oorsprong, dader, gewer van iets aan.

Nét God-Elohim en HERE-Jahwe volg op die ***me'et***.

DUS: Nét God-Elohim en HERE-Jahwe is die bron, oorsprong, dader, gewer van die daad/vrug.

NÉT God/Jahwe – óns/mense nóóit ter sprake nie.

- God volg 1x op ***me'et*** Neh 6:16;
- Jahwe volg 4x op ***me'et*** Psalms 24:5; 27:4; 109:20; 118:23.

# 3. Tekste en vertalings

## 3.1. Nehemiah 6:16

A53 Nehemiah 6:16 En toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bevrees geword en neerslagtig gevoel, en hulle het erken **dat hierdie werk deur onse God** gedoen is.

A92 Nehemiah 6:16 Toe al ons vyande dit hoor, en die nasies rondom ons dit sien, was hulle selfversekerdheid daarmee heen. Hulle het toe geweet **ons doen hierdie werk met die hulp van ons God**.

A2020 Nehemiah 6:16 Toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bang geword, en ons vyande het in hulle oë baie laag gedaal. Hulle het besef **dat hierdie werk met God se bystand gedoen is**.

## 3.2. Psalm 24:5

A53 Psalm 24:5 Hy sal seën wegdra **van die HERE** en geregtigheid van die God van sy heil.

A92 Psalm 24:5 So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied.

A2020 Psalm 24:5 sal seën ontvang van die HERE en •geregtigheid van die God wat hom red

### 3.3. Psalm 27:4

A53 Psalm 27:4 Een ding het ek **van die HERE** begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.

A92 Psalm 27:4 Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.

A2020 Psalm 27:4 Een ding het ek van die HERE gevra

en dit sal ek bly nastreef:

om al die dae van my lewe

in die huis van die HERE te woon,

om die lieflikhede van die HERE

te aanskou en daaroor

na te dink in sy •tempel.

### 3.4. Psalm 109:20

A53 Psalm 109:20 Laat dit die loon van my teëstanders wees **vanweë die HERE**, en van hulle wat kwaad spreek teen my.

A92 Psalm 109:20 Mag die Here dit alles oor my teëstanders laat kom, oor dié wat my sulke vreeslike dinge toewens.

A2020 Psalm 109:20 Mag dít van die HERE se kant

die straf wees vir hulle

wat my vyandiggesind is,

en wat onheil oor my lewe uitspreek!

### 3.5. Psalm 118:23

A53 Psalm 118:23 Dit het **van die HERE** gekom; dit is wonderbaar in ons oë.

A92 Psalm 118:23 Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë!

A2020 Psalm 118:23 Van die HERE het dit gekom;

dit is 'n wonder in ons oë.

## 4. Gevolgtrekking

Skrif-met-Skrif-vergelyking wys duidelik dat die 1953-vertaling die regte vertaling is.

Ek gebruik hierdie as ’n voorbeeld om te laat sien hoe die 1992- en 2020-vertaling die goue reël van Skrifverklaring loslaat. Daar is meer sulke voorbeelde.

Hierdie woord van Jesus bly altyd waar: Sonder My kan julle niks doen nie (Johannes 15:5). Dit geld ook ten opsigte van Bybelvertaling.

Hý, Christus, is die wynstok en ons die lote (Johannes 15). As ons in hierdie wynstok bly, sal ons veel vrug dra.

Ons kan gerus maar sê: die Woord is die wynstok; wie in hierdie Woord bly, dit wil sê in hierdie Kommentaar, sal veel vrug van suiwer Bybelvertaling dra.